



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL  
Graad 11  
Hersieningsoefeninge**

**Opsomming**

**2020**

**Bronne: Provinsiale Eksamenvraestelle en Nasienriglyne**

**Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die  
Graad 11 Afrikaans Tweede Addisionele Taal Vraestelle en Nasienriglyne:**

Mpumalanga Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

**OEFENING 1****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: MELK SE REIS VAN DIE KOEI NA DIE KOELKAS****TEKS C****Instruksies**

Lees die volgende teks aandagtig deur.

- Som die teks **oor die reis van melk** in SEWE SINNE op.
- Skryf die SEWE sinne puntsgewys neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Melk se reis van die koei tot die koelkas (fridge)**

1. Voor 'n koei gemelk word, word die uier eers skoongegee sodat daar nie grassies, vullis of kieme in die melk beland nie.

2. Melkkoeie moet minstens twee keer per dag gemelk word, maar die meeste boere verkies deesdae om masjiene te gebruik. Meer koeie kan dan vinniger gemelk word.



3. Melkmasjiene het vier koppies wat oor die vier spene pas. Die masjiene suig die melk uit die spene en hou outomaties op sodra daar nie meer melk uitkom nie.

4. Al die melk word in die verkoelde tenk versamel. Die verkoeling voorkom dat bakterieë die melk laat suur word.

5. Hiervandaan word dit in groot vragmotors met geïsoleerde staaltenks vervoer na die fabriek waar dit tot verskillende produkte verwerk word. Die melk word gepasteuriseer en na die proses word dit in tenks gepomp. Daaruit word die houers van glas, karton of plastiek gevul.

6. Nie alle melk word net so verkoop nie. 'n Deel daarvan word gebruik vir die maak van produkte soos botter, kaas, jogurt, room en roomys. Hierna word dit na die winkels vervoer.

7. Wanneer jy melk koop moet jy altyd na die vervaldatum kyk, want dit wys of die melk nog geskik is. Daarna sal dit begin suur word.

**OEFENING 2****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2****TEKS C: So kan jy jou metabolisme verhoog**


Haal sewe wenke om jou metabolisme te verhoog uit die leesteks.

- Skryf die SEWE wenke PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**So kan jy jou metabolisme verhoog**

- 1 Geseënd is die mense wat met met 'n hoë metabolisme gebore is - hulle kan eet soos hulle wil en sal nooit vet word nie.
- 2 Metabolisme is die tempo waarteen die liggaam kalorieë verbrand. Dit word deur jou ouderdom, geslag, genetika, gewig en hoogte bepaal.
- 3 Volgens Dr. David Bender is oefening die effektiëste manier om jou metabolisme te verhoog. Matige oefening, soos stap, kan dit tot drievoudig verhoog. Bou jou spiere. Spiere is lewendige weefsel en verbrand meer kalorieë as vet.
- 4 Wissel aktiwiteite af: stap een dag en maak die ander dag tuin, want as jy by een aktiwiteit hou, raak die liggaam later gewoond aan die roetine en sal dan minder kalorieë gebruik.
- 5 Klein bewegings, soos om jou voete deur die dag te beweeg, as jy sit, verhoog jou metabolisme met 'n kwart.
- 6 Eet so gou as moontlik wanneer jy wakker word. Wanneer jy lae Glukose eet, hou dit die bloedsuikervlak konstant en daardeur word jou metabolisme oor 'n lang tydperk ook konstant gehou.
- 7 Eet meer dikwels klein porsies. Peusel eerder aan klein maaltye regdeur die dag, as om drie groot maaltye te geniet.
- 8 Eet genoeg, moenie jousef uithonger nie, dit verlaag jou metabolisme.

Vrylik vertaal uit *Healthy Living Magazine*



**OEFENING 3****Afdeling B: Opsomming****Vraag 2****Teks C: Veiligheidswenke vir vakansiegangers**

- Som die **veiligheidswenke vir vakansiegangers** in sewe volsinne op.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1. Vakansiegangers is altyd traag om betyds van hul huise te vertrek. Hulle moet onthou om nie te drink en te bestuur wanneer hulle ry nie. Dit is nie goeie gewoontes nie.
2. Vakansiegangers vergeet altyd van voetgangers. Hulle moet op die uitkyk wees vir voetgangers wat in of langs die pad loop en drink.
3. Sekuriteitsmaatskappye vra deesdae te duur om na jou huis te kyk. Dit is altyd beter om iemand te vra om na jou huis te kyk.
4. Patrollies word elke dag gedoen. Rapporteer by die polisie wanneer jy nie by die huis is nie. Dit is 'n goeie ding om te doen. Dit sal help met die beskerming van jou huis.
5. Baie vakansiegangers besoek altyd plekke wat nie aan hulle bekend is nie. Moet nooit buite 'n gebou staan wanneer jy vir iemand wag nie. Dit kan gevaarlik wees.
6. Vakansiegangers ken baie min mense in die plekke wat hulle besoek. Maak seker dat jy nooit alleen loop nie. Dit sal verseker dat jy altyd veilig bly.
7. Beweeg altyd in areas wat goed belig is. Misdaad vind altyd in donker plekke plaas. Dit sal help om moontlike gevaar te vermy.

( Vewerk uit Stellalander 25 April 2017. )

**Totaal Afdeling B: 10**

**OEFENING 4****Afdeling B: Opsomming****Vraag 2****Teks C: Voordele van die gebruik van suurlemoensap.**

- Som die **voordele van die gebruik van suurlemoensap** in sewe volsinne op.
- Skryf die volsinne PUNTSGWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Voordele van die gebruik  
van suurlemoensap**



1. Die sap van die suurlemoen is trots maar suur. Dit het vele gebruike. Die suurlemoensap is die belangrikste bestanddeel van limonade!
2. Bedek 'n oopgevlakte snoek met suurlemoensap voordat jy dit op 'n oop vuur braai. Suurlemoensap maak rou en gaar vis smaakliker.
3. Gooi suurlemoensap by jou Coca-Cola. 'n Paar druppels suurlemoensap gee dit 'n ander karakter. Die suurlemoensap laat jou drankie lekkerder smaak.
4. Meng 'n paar druppels suurlemoensap en 'n bietjie gemmer in 'n glas warm water. Drink dit voor ontbyt. Dit sal jou bloedsuikervlak normaliseer. Drink dit ook nadat jy soetgoed geëet het.
5. As jou vel baie droog is, kan jy 'n paar druppels suurlemoensap by 'n teelepel amandelolie voeg. Smeer die mengsel aan jou vel. Die suurlemoensap maak jou vel vogtiger.
6. Voel jy soms dat jou hare nie skoon genoeg lyk nadat jy dit gewas het nie? Sit 'n teelepel suurlemoensap by die water wanneer jy jou hare afspoel. Dit maak jou hare skitterblink.
7. Koperpote word soms dof en swart. Suurlemoensap kan wonderwerke verrig. As jy 'n bietjie suurlemoensap aan die koperpote vryf sal dit pragtig blink.

[Verwerk uit: *Die Beeld*, 2018]

**Totaal Afdeling B: [10]**

**OEFENING 5****Afdeling B: Opsomming.****Vraag 2****Instruksies**

Lees die volgende teks aandagtig deur.

Haal SEWE wenke uit die leesstuk om te wys hoe ons rommel kan hergebruik.

Skryf die sewe wenke in volsinne neer.

Jou opsomming moet tussen 50 en 60 woorde wees.

Skryf die aantal woorde in hakies aan die einde van die opsomming neer.

**Wenke om rommel te hergebruik**

- 1 Koop produkte wat van herbenutte stowwe gemaak is. Van herwinde papier kan jy toiletpapier, eierhouers en bruinpapiersakke maak. Papier skep gasse as dit verrot. Dit is vlambaar. Dit kan vullishope laat ontplof.
- 1 Badwater kan gebruik word om die plante in jou tuin nat te maak. Badwater bevat nie gifstowwe nie. Die water sal nie die plante doodmaak nie.
- 2 Leë plastiekhouders kan weer gebruik word om iets anders in te bêre. Jy kan spykers en knope in leë roomysbakke en jogurthouders bêre.
- 3 Probeer om nie rommel te koop nie. Neem leë houders saam na die winkel as jy gaan inkopies doen.
- 4 Deel jou afval op in glas, papier en plastiek. Hou dit uitmekaar. Herwinningsmaatskappye kan jou inlig waarheen om die afval te neem.
- 5 Hoor by jou winkelbestuurder vir watter bottels hy jou sal betaal. Verkoop jou leë bottels aan winkels. Jy kan geld maak deur leë bottels aan winkels te verkoop.
- 7 Verrotte goed soos koffiemoer, teeblare en skille kan in die tuin gegooi word. Dit ontbind vinnig. Erdwurms breek die afval af tot kompos.



[Uit *Klein Burger*, 24 Mei 2008, bl.47. Aangepas en verkort.]

**AFDELING B TOTAAL = (10)**

**NASIENRIGLYNE****OEFENING 1****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: MELK SE REIS VAN DIE KOEI NA DIE KOELKAS**

	<b>TEKS</b>		<b>VERWAGTE ANTWOORDE</b>
1	Voor 'n koei gemelk word, word die uier eers skoongegee sodat daar nie grassies, vullis of kieme in die melk beland nie.	1	Die koeie se uiers word eers skoongegee.
2	Melkkoeie moet minstens twee keer per dag gemelk word, maar die meeste boere verkies deesdae om masjiene te gebruik. Meer koeie kan dan vinniger gemelk word.	2	Koeie word twee keer per dag gemelk.
3	Melkmasjiene het vier koppies wat oor die vier spene pas. Die masjiene suig die melk uit die spene en hou outomaties op sodra daar nie meer melk uitkom nie.	3	Melkmasjiene suig die melk uit die spene.
4	Al die melk word in die verkoelde tenk versamel. Die verkoeling voorkom dat bakterieë die melk laat suur word.	4	Melk word verkoel (om bakterieë dood te maak).
5	Hiervandaan word dit in groot vragmotors met geïsoleerde staaltenks vervoer na die fabriek waar dit tot verskillende produkte verwerk word. Die melk word gepasteuriseer en na die proses word dit in tenks gepomp. Daaruit word die houers van glas, karton of plastiek gevul.	5	Die melk word gepasteuriseer en in houers gesit.
6	Nie alle melk word net so verkoop nie. 'n Deel daarvan word gebruik vir die maak van produkte soos botter, kaas, jogurt, room en roomys. Hierna word dit na die winkels vervoer.	6	'n Deel van die melk word gebruik vir ander melkprodukte.
7	Wanneer jy melk koop, moet jy altyd na die vervaldatum kyk, want dit wys of die melk nog geskik is. Daarna sal dit begin suur word.	7	Kyk altyd na die vervaldatum as jy melk koop.
			<b>GETAL WOORDE: 57</b>

**OEFENING 2:****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: Wenke om jou metabolisme te verhoog**

	<b>Teks</b>	<b>Voorgestelde antwoord</b>
1	Volgens Dr. David <b>Bender is oefening die effektiese manier om jou metabolisme te verhoog.</b> Matige oefening, soos stap, kan dit tot drievoudig verhoog. <b>Bou jou spiere.</b> Spiere is lewendige weefsel en verbrand meer kalorieë as vet.	Doen oefening. ✓  <b>EN</b>  Jy moet jou spiere bou. ✓
2	<b>Wissel</b> aktiwiteite af: <b>stap een dag en maak die ander dag tuin</b> , want as jy by een aktiwiteit hou, raak die liggaam later gewoond aan die roetine en sal dan minder kalorieë gebruik.	Wissel jou aktiwiteite af deur te stap en tuin te maak. ✓  <b>OF</b>  Stap en maak om die beurt tuin.
3	Klein bewegings, soos om <b>jou voete deur die dag te beweeg</b> , as jy sit, verhoog jou metabolisme met 'n kwart.	Maak klein bewegings deur die dag. ✓
4	<b>Eet so gou as moontlik wanneer jy wakker word.</b> Wanneer jy <b>lae GI-kosse eet</b> , hou dit die boedsuikervlak konstant en daardeur word jou metabolisme oor 'n lang tydperk ook konstant gehou.	Eet wanneer jy wakker word. ✓  <b>EN</b>  Eet lae GI-kosse. ✓
5	<b>Eet meer dikwels klein porsies. Peusel eerder aan klein maaltye regdeur die dag</b> , as om drie groot maaltye te geniet.	Eet gereeld klein porsies. ✓  <b>OF</b>  Eet klein maaltye regdeur die dag.
6	<b>Eet genoeg totdat jy vol is. As jy jouself uithonger, sal dit jou metabolisme verlaag.</b>	Eet genoeg. ✓  <b>OF</b>  Moenie jouself uithonger nie. Getal woorde: 55



**OEFENING 3:****AFDELING B: OPSOMMING****Veiligheidswenke vir vakansiegangers**

<b>Vraag 2</b>	<b>Moontlike antwoord/e</b>	
	<b>Teks</b>	<b>Vewagte antwoorde</b>
1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vermoed spoed en moenie drink en bestuur terwyl jy ry nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie drink en bestuur nie en vermoed spoed.</li> </ul>
2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit is gevaarlik vir voetgangers om in of langs die pad te loop en drink.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Voetgangers moenie loop en drink nie.</li> </ul>
3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• As jy weet dat jy vir n lang tyd gaan weg wees, moenie daaraan dink om jou huis alleen los nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moenie jou huis alleen los nie.</li> </ul>
4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dink daaraan om by die polisie te rapporteer wanneer jy nie by die huis is nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Rapporteer aan die polisie as jy nie by die huis is nie.</li> </ul>
5	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nooit buite 'n gebou wag wanneer jy vir iemand wag nie. Wag eerder binne 'n gebou waar dit veilig is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wag altyd binne 'n gebou waar dit veilig is.</li> </ul>
6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Maak seker dat jy altyd tussen mense is en moet nooit alleen loop nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moet nooit alleen loop nie.</li> </ul>
7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• As jy alleen loop, beplan jou roete baie versigtig en beweeg in areas waar daar lig is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Beweeg altyd in areas waar daar lig is.</li> </ul>
		Getal woorde: 54
<b>Totaal Afdeling B</b>		<b>10</b>

**OEFENING 4:****AFDELING B: OPSOMMING**

<b>VRAAG 2</b>		
<b>TEKS C: Voordele van die gebruik van suurlemoensap</b>		
<b>DIREKTE AANHALING</b>		<b>EIE WOORDE</b>
<b>Die suurlemoensap is die belangrikste bestanddeel van limonade!</b>	1	Limonade word gemaak met suurlemoensap.
<b>Suurlemoensap maak rou en gaar vis smaakliker.</b>	2	Gebruik suurlemoensap op die vis om dit lekkerder te laat smaak.
<b>Die suurlemoensap laat jou drankie lekkerder smaak.</b>	3	Om jou Coca-Cola lekkerder te laat smaak moet jy suurlemoensap ingooi.
<b>Dit sal jou bloedsuikervlak normaliseer.</b>	4	Jou bloedsuikervlak kan normaal wees as jy suurlemoensap drink.
<b>Die suurlemoensap maak jou vel vogtiger.</b>	5	As jou vel droog is moet jy suurlemoensap aansmeer vir 'n vogtige vel.
<b>Dit maak jou hare skitterblink.</b>	6	Was jou hare in suurlemoensap om dit te laat blink.
<b>As jy 'n bietjie suurlemoensap aan die koperpote vryf sal dit pragtig blink.</b>	7	Suurlemoensap laat jou koperpote blink as jy dit aansmeer en vryf.
		Getal woorde: 60

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**OEFENING 5****AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 2: Wenke om rommel te hergebruik**

	<b>Uit leesstuk</b>	<b>Moontlike antwoorde</b>
1	<b>Koop produkte wat van herbenutte stowwe gemaak is.</b> Van herwinde papier kan jy tioletpapier, eierhouers en bruinpapiersakke maak. Papier skep gasse as dit verrot. Dit is vlambaar. Dit kan vullishope laat ontplof.	Koop goedere wat jy altyd weer kan gebruik.
2	<b>Badwater kan gebruik word om die plante in jou tuin nat te maak.</b> Badwater bevat nie gifstowwe nie. Die water sal nie die plante doodmaak nie.	Moenie jou badwater laat wegloop in die afvoerpype nie.
3	<b>Leë plastiekhouders kan weer gebruik word om iets anders in te bêre.</b> Jy kan spykers en knope in leë roomysbakke en jogurthouders bêre.	Bêre jou items in leë houders.
4	<b>Probeer om nie rommel te koop nie.</b> Neem leë houders saam na die winkel as jy gaan inkopies doen.	Moenie items koop wat nie herwinbaar is nie.
5	<b>Deel jou afval op in glas, papier en plastiek.</b> Hou dit uitmekaar. Herwinningsmaatskappye kan jou inlig waarheen om die afval te neem.	Verdeel jou afval volgens soorte.
6	Hoor by jou winkelbestuurder vir watter bottels hy jou sal betaal. <b>Verkoop jou leë bottels aan winkels.</b> Jy kan geld maak deur leë bottels aan winkels te verkoop.	Maak geld uit jou leë houders.
7	<b>Verrotte goed soos koffiemoer, teeblare en skille kan in die tuin gegooi word.</b> Dit ontbind vinnig. Erdwurms breek die afval af tot kompos	Gooi jou skille en teeblare in die tuin.
		GETAL WOORDE = 50
		TOTAAL AFDELING B: 10